# Liturgiese Riglyne

**S O N D A G O G G E N D 09:00**

## Eerlik vir liefdesappels gehuur

**Skriflesing:**
Genesis 30:1-26

**Teksvers**:
Genesis 30: 14-16

**Sing**:
Ps 84:1, 6
Ps 40:4, 6
Ps 73:9, 10
Ps 134:1, 2, 3
Sb 2-4:1, 3
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Lourens Venter

Sommige mense voel hulle lewe lank verwerp en nie goed genoeg dat iemand hulle sal liefhê nie. Lea was so vrou. Jakob haar man, het 7 jaar lank gewerk vir haar pa Laban om met haar suster Ragel te trou, maar haar pa het haar, die ouer suster aan Jakob gegee. Maar dit was nie die vrou wat Jakob wou hê nie, daarom het hy nog 7 jaar gewerk vir Ragel.

In hierdie tragiese gebeure sien ons hoe twee susters veg om liefde. Ons staan vanmore stil by die kwartaal tema van die huisgesin waar Lea so ver gaan as om haar eie man, nogal eerlik vir liefdesappels te huur.

**S O N D A G A A N D 18:00**

## Hoe dankbaar?

**Skriflesing:**
Romeine 12

**Teksvers**:
Romeine 12:1-2

**HK** Sondag 1 vr 2

**Sing**:
Ps 100-1:1,2,3,4
Ps 90-1:1,7
Lied 188:1,2,3
Ps 103-1:1,2
Sb 13-3

**Prediker**: Ds Maarten van Helden

Ons leer by die kategismus-leraar dat ons troos nodig het. Sy tweede vraag veronderstel dat ons sekere kennis nodig het wat ons sal troos.

Kennis wat swaarder weeg as die probleem van die gemors waarin ons weens die sonde beland het. Gewoonlik sal 'n goeie gereformeerde dit opsom as kennis van *sonde-verlossing-dankbaarheid*…

Miskien is daar meer in die belydenis as net die drie woorde of dinge. Paulus skryf selfs dat ons 'n metamorfose moet onder-gaan!

Sien julle vanaand!




# KOMMUNIKAATJIE

**Gereformeerde Kerk Centurion**

DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA
DIE POORTE VAN DIE HEL SAL DIT NIE OORWELDIG NIE

**Jaargang 48 Nr 14 23 April 2023**


## Koningskinders: Die huis op die Rots

Eerskomende Woensdag vertrek ons gemeente op ons tweede koningskinderskamp na Udolpho Rivierplaas. Ons het ongeveer 100 kinders genooi uit ons gemeenskap hier in Centurion vanuit die verskillende laerskole.

Vir baie van hierdie kinders is dit die eerste keer in hulle lewe wat hulle op 'n kamp gaan. Die laaste drie jaar het 'n nog swaarder las op baie gesinne geplaas wat dit glad nie kan bekostig om enigsins van die huis af weg te kom nie.

Daar is ongeveer 50 lidmate uit ons gemeente wat saam op die kamp gaan as groepleiers, kosspan, triekfabriek en sommer net algemene hulp. Daarby het nog tientalle lidmate gehelp om al die middele in te samel wat ons nodig het om hierdie kamp moontlik te maak.

Daar is sjampoe in botteltjies afgemeet, lekkergoed pakkies gepak, handpoppies gemaak en koekies en beskuit gebak. Daar is te veel om op te noem om te kan dankie sê. Vir elke lidmaat wat hand uitgereik het, ons innige dank. Maar dan moet ons ook dit sê: hoe sê ons dankie as ons doen wat ons as gelowiges moet doen. Dit is tog ons roeping om die evangelie uit te dra.

Daarom gaan ons ook vir elkeen wat nie 'n Bybel het nie, hulle eie Bybel gee. Ons tema hierdie jaar is: die huis op die Rots gebou. Ons gaan vanuit God se Woord ondersoek hoe 'n huis lyk met goeie fondamente en wat gebeur met 'n huis wat nie goeie fondamente het nie.

Dit geld ook vir ons gemeente en ons elkeen se eie lewe. Ons moet lewende stene wees gebou op die fondament, die Hoeksteen, Christus. As die Here wil sal ons volgende Sondag, almal saam hier die erediens bywoon, as die hoogtepunt van ons kamp.

Mag die samekoms van die gelowiges, ook vir jou die hoogtepunt wees waar elke nuwe week begin, om jou huis op die Rots te bou.

Lourens (vdm)

## *ALGEMENE INLIGTING*

***EREDIENSTYE***

Afrikaanse Oggenddiens: 09:00
Engelse Diens: 11:00
Afrikaanse Aanddiens: 18:00

**Dien die Here met blydskap**

Ds Maarten van Helden: 072 143 1855
Ds Gerrit Kruger: 082 964 5595
Ds Lourens Venter: 082 529 2330

*Kantoorure:* ***Ma-Do*** *08:15 - 13:00*
Telefoon: **012 664 2614**
Epos: Kerkkantoor—**kerkkantoor@gkcenturion.co.za**

Basdenlaan 226
Lyttelton

***Inhandiging van Kommunikaatjie-berigte sluit Woensdae om 12:00***

- - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - - -

**NUWE INTREKKERS:** Nuwe intrekkers word gevra om na die erediens voor by die klavier aan te meld.

**VIDEO UITSENDINGS** Volg skakel op gemeente se webblad **gkcenturion.co.za** of ons internetskakel **stroom.gkcenturion.co.za**

**EREDIENSTE OP INTERNET:** http://kerkdienstgemist.nl/assets/516 (direk of opname).

**LUISTER NA EREDIENSTE OP SLIMFOON**: TOEP: **Kerkdienst Gemist.**

**BIBLOS BYBELVERSPREIDINGSPROJEK:** Esmé 083 381 6428/esmel.prins@gmail.com.

**KATKISASIE**: Vandag: Les 8 Ps 84:1,6 Volgende week: geen

**KLEUTERKATKISASIE**: (2-5jr): Ouers neem asb u kleuters ná Skriflesing na die kleuterklas.

## KOLLEKTES

**Vandag:** Tydens erediens: Barmhartigheid — By die deure: Kerkkas

**Volgende week:** Barmhartigheid — By die deure: Mukhanyo Afstand onderrig

***Maandelikse bydraes dmv EFT—Verwysing:*** *Voorletters (almal) en Van sowel as Wyk nr stuur* ***bevestigende epos*** *aan admin@gkcenturion.co.za*

| **Kerk se bankbesonderhede:** | **Inbetalings vir die Diakonie:** | **Inbetalings vir die Susters:** |
|---|---|---|
| Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Diakonie Gereformeerde Kerk Centurion | Rek Naam: Gereformeerde Kerk Centurion Susters |
| Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton | Bank: ABSA Lyttelton |
| Takkode: 632005 | Takkode: 632005 | Takkode: 632005 |
| Rek no: 600 340 409 | Rek no: 600 280 589 | Rek no: 600 340 417 |



# Bybelskool van Centurion 2023

**bied aan**

## *Die Profeet Daniël*

*God is soewerein in die geskiedenis*

**Begin datum: 2 Mei 2023**

***Almal welkom***

**Plek**: Geref Kerk Centurion
Basdenlaan 226, Lyttelton
**Tyd**: Elke Dinsdagaand 19:00-20:30
**Koste**: R100 pp
**Aanbieder**: Ds Gerrit Kruger
**Inskrywings**: Kerkkantoor 012 664 2614
Hein Kaiser 082 772 7718

### Scriptura

Scriptura is 'n gereformeerde internet-bediening, wat o.a. bestaan uit 'n *blog* waar verskillende artikels van aktuele belang geplaas word. Radio Scriptura is 'n weeklikse podsending wat poog om Skriftuurlike inhoud op 'n interaktiewe wyse te versprei. Die "Scriptura Publikasies-afdeling" is ook aan die groei met boekies wat gepubliseer word en hopelik in die nabye toekoms ook ander materiaal. Alles is beskikbaar op ons webblad - **www.scriptura.co.za**.

Ons artikels en podsendings is alles gratis beskikbaar op ons webblad. Ons verkoop ons publikasies teen minimale bedrae om drukkostes te dek en ook ons fondse aan te vul.

Buiten die verkope van ons publikasies is ons dus afhanklik van lesers en luisteraars se donasies. Bankbesonderhede: Gereformeerde Kerk Graaff-Reinet; ABSA; Rekening nr: 38004741240; Tak kode: 632005; Verwysing: Scriptura.

Weesgerus

### GK Centurion Gemeentekamp

**Wanneer**: 22 - 25 September

**Waar**: Weesgerus Vakansieoord

**Tema**: ***Dien die Here met blydskap***

Chalets en kampplekke beskikbaar

Meer inligting volg binnekort

Skakel Fred Reynecke as jy wil betrokke wees by die beplanning of net wil help—083 255 9900

**Sien julle daar!**




## EERSTE FONDSINSAMELINGSFUNKSIE VIR 2023

Kom geniet die aand saam met ons op **13 MEI 2023** BY LABORA YARD (regoorkant Bosvelder)

SLEGS 150 PLEKKE BESKIKBAAR

Kom luister na:

Ons eie Frikkie van Biljon – aangewys as Beste Manlike Sanger by Afri-Indie 2023

Die baie bekende sanger: Mathys Roets

- Kaartjies **slegs** beskikbaar op die webblad: www.laborayard.co.za.
  - Prys: R220 per persoon sonder iets te ete en R300 per persoon saam met iets te ete.
  - U kan op verskeie maniere deur die webblad betaal.
  - Druk u kaartjie uit en bring dit saam. Geen kaartjies sal by die hekke beskikbaar wees nie
- Bring u eie stoel saam
- Kontantkroeg beskikbaar
- Sekuriteit is beskikbaar.
- Bring u vriende en familie saam



# Verjaarsdae

***Belydende lidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 23-Apr | Elize | Hoogendyk | A08 | 27847644692 |
| | Hennie | Kruger | B08 | 27825752012 |
| | Fanie | Oosthuizen | C04 | 27836503001 |
| 26-Apr | Kobus | Cilliers | B19 | 27823980611 |
| | Marina | Cronje | C01 | 27828507487 |
| 27-Apr | Fanie | de Bruin | A02 | 27827808759 |
| | Lynette | Jacobs | B14 | 27833567597 |
| | Retha | Knoetze | B10 | 27721042286 |
| | Michelle | Schutte | B02 | 27798963647 |
| | Susan | van Dyk | A14 | 27823379835 |
| 28-Apr | Johan | du Plooy | B10 | 27836191385 |
| | Hendri | vd Walt | A13 | 27812882883 |
| 29-Apr | Judy | Trichardt | A04 | 27832781005 |
| | Carol | v Seventer | B14 | 27845804993 |
| | Jeanette | Wiid | B07 | 27721494678 |

***Dooplidmate***

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| 23-Apr | Annabelle | Groenewald | A03 | 27828195947 |
| 24-Apr | Henrico | Silvis | A05 | 27824663651 |
| | Hanné | Venter | A04 | 27714822995 |
| 25-Apr | Sion | Pretorius | B02 | 27825216870 |
| 27-Apr | Miané | Veldsman | C08 | 27722147345 |
| 28-Apr | Lucian | Rousseau | B12 | 27849523386 |

# Ons gee om vir Mekaar

*"Net by God vind ek rus..." Ps 62:1*

- Amanda Brink het toetse ondergaan (A15—651 4004).
- Oerka van Tonder sterk aan na 'n knievervangingsoperasie (C4—082 828 6119).
- Pieter Smith sterk aan in Groenkloof hospitaal (A10—664 5021).
- Rika Hoffman sterk aan na 'n nekoperasie (A6—072 691 7675).
- Nannie du Plessis het 'n oogprosedure ondergaan (B11—653 1578).
- ***Meelewing*** word betuig met:
  - Casper en Monise vd Walt en familie na die afsterwe van Monise se vader.
  - Vincent en Anneri de Jager en familie na die afsterwe van Vincent se vader.

***Ons lidmate word aan die liefdevolle versorging van die Here opgedra***

## Spreuke 21:21

Wie geregtigheid en weldadigheid najaag, sal die lewe, geregtigheid en eer vind.

## *Alethea Outreach 11:00*

Worship Service

Like us on facebook:

https://www.**facebook**.com/aletheaministry/

**Boekhouer en Belasting Konsultant.** Algemene boekhouding en finansiële state, kontantvloei en likwiditeitsontledings, inkomste belasting en BTW opgawes vir Besighede, Individue en Boere. Hennie van Rooyen 082 932 5634/ hennievr.tax@gmail.com

**Kombuisontwerp**-, vervaardiging- en installasie van kombuis- en ingeboude kaste. Sertifisering van nuwe en bestaande gasinstallasies met sertifikaat. Algemene onderhoud, verf-, teëlwerk en kantooruitleg. Werner vd Walt 082 308 6238 werner@bwinteriors.co.za

Kan ek toesien tot die registrasie van u huisoordrag? Die Agent het sy prokureur. Die Koper het sy prokureur. Stel u eie **oordragprokureur** aan. Pieter Wolmarans 083 949 8899.

**Het jou naaldwerkmasjien 'n diens nodig**? Ons diens en herstel alle naaldwerkmasjiene. Kontak Dalena Kruger 072 974 2728.

**Betroubare huishulp** Ma, Di, Do, werk al 10 jaar by my. Martie Vilas 071 683 0348/Maria Mthimunye 079 808 6614.

**Algehele herstelwerk** op huise en geboue, verf, plaveisel, waterdigting op huise, staalwerke, teëlwerk, skakel bestaande geyser om na sonpanele, LPGAS installasie met COC sertifikaat. Kontak Hennie vd Walt 082 927 4326.

## MOOTLITE 2023
## Wie is "Ek is"?

*25 Junie- 30 Junie*

Graad 5-9

Om leerders toe te rus om hulle Gereformeerde belydenis en geloof te kan uitleef tussen hulle vriende, en te kan staande bly teen die aanslae van die wêreld, natuurlik aanvullend tot hulle ouerhuise en hulle eie gemeentes.

INSKRYWINGS R900 PP
HTTPS://FORMS.GLE/QFZA9KOS13VJ5YBKA

Navrae: mootlite@gmail.com
Lohan Linde (084 787 5119)
Hardus Lee (082 992 9822)

# Bybelstudie

## *Juventus (18-24)*

Dinsdagaande 19:00

\- - - - - -

## Ouventus (25 plussers)

Woensdag om 19:00
3 Mei
17 Mei 31 Mei
14 Junie



## Dopperspele

**Aangebied deur GK Andeon op 13 Mei**

GKC wil 'n span inskryf vir die jaarlikse Dopperspele. Dit is 'n dag vol pret en samesyn.

Items wat aangebied word, is:

***Vlugbal, tafeltennis, ringtennis, toutrek, veerpyltjies, vingerbord, pluimbal, rolbal, jukskei en pool.***

Daar sal ook kos en koeldrank stalletjies wees. Ons wil graag soveel lidmate as moontlik betrek.

Kontak asb vir **De Wet Burger (083 216 2876)** indien jy wil deelneem



## Volwasse katkisasie

Enige persoon wat belangstel vir 'n bietjie opfrissing of nuwe lidmate wat by die gemeente wil aansluit kan die klasse bywoon.

Ds Maarten gaan die Heidelbergse Kategismus behandel vanaf Dinsdag, **25 Apr om 18:30** in die konsistorie.

Bevestig asb met ds Maarten

072 143 1855

## GESINSTOERUSTINGSDAG

Die GK Brooklyn bied op Saterdag, 13 Mei 'n apologetiese geleentheid aan waartydens verskeie sprekers onderwerpe gaan hanteer soos:

1. uitdagings mbt die huwelik,
2. geloof en evolusie,
3. pornografie,
4. kwessies aangaande geslagsidentiteit,
5. liefde en waarheid,
6. belangrikheid van die gesin.

Dit word aangebied van 8:00 tot 16:30. Bywoning is gratis maar mense moet hulle eie middagete voorsien.

**Volledige program is op kennisgewingbord.**

Kontakpersone: Daniël Maritz 082 371 2040 of Linda Oberholzer 082 707 9699.

## TEESKINKBEURTE

Instruksies vir die regsit voor die diens, skink en opruim na die erediens is in die kombuis opgeplak.



**23 Apr**

Tieners

**7 Mei**

| | |
|---|---|
| Liesel Badenhorst | Blok A |
| Sonja vd Dussen | Blok B |
| Leandri Struwig | Blok C |

## GKC Kosbank

Die doel van die kosbank is om aan lidmate en hulle families kos te voorsien tydens 'n siekte/hospitalisasie/herstelproses.

Indien jy bewus is van 'n behoefte, kontak asb: Diaken, Ouderling of Predikant.



## *Nuwe Intrekkers*

Daar word Woensdagaand,

**3 Mei** om 18:30 vir **19:00**

'n verwelkomingsfunksie gehou vir alle nuwe intrekkers in die gemeente.

Alle nuwe lidmate van die afgelope **drie maande** is welkom om die funksie by te woon.

**Stephanie van Jaarsveld 084 603 6773**